# FAKKEL-FLITSE

*Weeklikse nuusflitse vir 'n ingeligte Framesby-familie!*

Hoërskool Framesby
HANDHAAF EN BOU

**UITGAWE 277 · 25 AUGUSTUS 2022**

Kontakbesonderhede: mediasentrum@framesby.co.za

## FNB CLASSIC CLASHES I INTERSKOLE
## FRAMESBY VS NICO MALAN

### PROGRAM
### HOKKIE

| FRAMESBY | NICO MALAN | TYD |
|---|---|---|
| 0.14A DOGTERS | 0.14A DOGTERS | 08:00 |
| 2DE DOGTERS | 2DE DOGTERS | 09:00 |
| 0.16A DOGTERS | 0.16A DOGTERS | 10:00 |
| 0.16B DOGTERS | 0.16B DOGTERS | 11:00 |
| ***VOORSTELLING VAN 1STE SPAN*** | | 12:10 |
| 1STE DOGTERS | 1STE DOGTERS | 12:20 |
| ***VOORSTELLING VAN 1STE SPAN*** | | 13:20 |
| 1 STE SEUNS | VP 1ST SEUNS | 13:30 |

### RUGBY

| TYD - A VELD | PROGRAM |
|---|---|
| **08:00** | 0.14 A |
| **09:00** | 0.15 A |
| **10:00** | 0.19 C |
| **11:10** | 0.16 A |
| **12:20** | 0.19 B |
| **13:30** | DANSERS – NICO MALAN |
| | DANSERS – FRAMESBY |
| | FLASH – NICO MALAN |
| **14:20** | VOORSTELLING |
| **14:30** | 1STE |
| | |
| **TYD – B VELD** | **SPAN** |
| **08:00** | 4DE |
| **09:00** | 0.16 B |
| **10:00** | 0.14 B |
| **11:00** | 0.15 B |

### NETBAL

| TYD | BAAN 1 | BAAN 2 | BAAN 3 | BAAN 4 |
|---|---|---|---|---|
| 08:00 | 0.15 A Framesby vs 0.15 A NM | 0.16 B Framesby vs 0.16 B NM | 0.15 D Framesby vs 0.19 D NM | |
| 08:40 | 0.19 B Framesby vs 0.19 B NM | 0.15 B Framesby vs 0.15 B NM | 0.19 C Framesby vs 0.19 C NM | |
| 09:20 | 0.14 A Framesby vs 0.14 A NM | 0.16 C Framesby vs 0.16 B NM | 0.14 C Framesby vs 0.14 C NM | |
| 10:00 | 0.16 A Framesby vs 0.16 A NM | 0.14 B Framesby vs 0.14 B NM | 0.15 C Framesby vs 0.15 B NM | 0.16 D Framesby vs 0.19 D NM |
| **10:40** | **Voorstelling 0.19 A** | | | |
| 10:50 | 0.19 A Framesby vs 0.19 A NM | | | 0.14 D Framesby vs 0.14 C NM |



## VERJAARSDAE DIE WEEK

**SATERDAG · 27 AUGUSTUS**
Gideon Barnard
Rico van Leeuwen
Amoré Jonck
Marko Le Roux

**SONDAG · 28 AUGUSTUS**
*Mnr. L. Gerber*
Divan Koen
Mieke Koen

**MAANDAG · 29 AUGUSTUS**
Heila Oosthuizen

**DINSDAG · 30 AUGUSTUS**
Lené Barnard

**WOENSDAG · 31 AUGUSTUS**
*Mnr. A. Draghoender*
Leah Landman
Lonwabo Njokweni

**DONDERDAG · 1 SEPTEMBER**
Ané Nel
Charl vd Berg
Shani Dames

**VRYDAG · 2 SEPTEMBER**
*Mev. J. du Plessis*
Leigh Snyman
Zané Grundling

## DAGBOEK DIE DATUMS

**26, 27 AUGUSTUS 2022**
Oudskoliere samekoms in PE.
Interskole teen Nico Malan

**10 SEPTEMBER 2022**
Oudskoliere samekoms in Pretoria.

**HIERDIE WEEK SE FAKKEL-FLITSE WORD MET TROTS GEBORG DEUR:**

Hoërskool Framesby

HANDHAAF EN BOU

# BIG BRAG PROGRAM

**Donderdag, 25 Augustus 2022**

**18:00 - 20:00**

## Voorstelling van Spanne:

1. Skaak
2. Debat
3. Landloop
4. Gholf
5. Tennis - Seuns
6. Tennis - Dogters
7. Hokkie - Seuns
8. Hokkie - Dogters
9. Netbal
10. Cheerleaders
11. Rugby
12. Hoofseun toespraak
13. Skoolhoof toespraak
14. Skoollied



**Klank en beligting - Line Out Productions**

**Programleier:**
**E. Ittershagen-Strauss**

# UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Beste Ouers

Ek haal Psalm 104 vers 1 aan: “Ek wil die Here loof! Here my God, U is baie groot, U is beklee met koninklike luister,”. Mag ons almal in ons daaglikse roetine so leef dat ons die Here wil loof!

Ouers, ek wil graag die volgende belangrike punte vir u uitlig:

A) INTERSKOLE NAWEEK

Ek nooi die Framesby gemeenskap uit om ons leerders in groot getalle te kom ondersteun teen HS Nico Malan. Volg inligting op ons Facebook.

Dankie dat ons op u ondersteuning kan staatmaak.

Die skool sluit Vrydag, 26 Augustus 2022 om 12:00 as gevolg van die interskole program vir al ons leerders.

B) FAKKELFLITS

Ek moedig u aan om die Fakkelflits deeglik te bestudeer. Hier hou ons u op hoogte van alle gebeure en prestasies. Dit is op Framesby se Facebook-blad beskikbaar.

C) SEPTEMBER VOORBEREIDINGSEKSAMEN GRAAD 12

Aangeheg die FINALE September Voorbereidings-eksamenrooster vir die Graad 12’s.

Die graad 12-leerders moet seker maak dat hul vroegtydig en baie goed vir die eksamen voorberei. Sterkte aan al ons graad 12-leerders met die eksamen. Deeglike voorbereiding sal beloon word. Die eerste praktiese vraestelle vind reeds Donderdag 25 Augustus (RTT) en Vrydag 26 Augustus (IT) plaas.

Die laaste skooldag voor die graad 12’s met eksamen begin, is Dinsdag 23 Augustus.

D) NOVEMBER EKSAMENROOSTER GRAAD 12

Aangeheg die FINALE November-eksamenrooster vir die Graad 12’s.

E) SEPTEMBER TOETSREEKSROOSTER

Aangeheg is die aangepaste toetsreeksrooster vir graad 8 tot 11. Maak seker dat u leerder deeglik kennis neem ook van toetse wat voor die toetsreeks geskryf word. Baie vakke doen hierdie kwartaal slegs take – moedig u leerder aan om getrou by die inhandigingsdatums te hou. Die werksafbakening vir die toetsreeks volg later.

Ek dank u vir u volgehoue ondersteuning. Soos ek dikwels vir u sê: die toekoms van Hoërskool Framesby is blou en goud! Kom ons werk almal saam om dit so te hou.

**MARIUS GERMISHUYS**
SKOOLHOOF



SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

# SEPTEMBER VOORBEREIDINGSEKSAMEN GRAAD 12
# 25 AUGUSTUS – 22 SEPTEMBER 2022

| DAG EN DATUM | OGGENDSESSIE 09:00 | MIDDAGSESSIE 14:00 |
|---|---|---|
| Donderdag 25 Augustus | RTT (CAT) V1 Prakties 3 h | |
| Vrydag 26 Augustus | IT V1 Prakties 3 h | |
| **WEEK 1** | | |
| Maandag 29 Augustus | | IT V2 Teorie 3 h |
| Dinsdag 30 Augustus | Geografie V1 3 h | |
| Woensdag 31 Augustus | Eng. HL P2<br>Eng. FAL P2<br>2½ h | Musiek V1 Teorie 3 h |
| Donderdag 1 September | BS V1 2 h | Musiek V2 Begrip 1½ h |
| Vrydag 2 September | | Afr. HT V2 2½ h |
| **WEEK 2** | | |
| Maandag 5 September | LO (DBE) 2½ h | BS V2 2 h |
| Dinsdag 6 September | | |
| Woensdag 7 September | LW V1 2½ h | |
| Donderdag 8 September | Rekeningkunde V1 2 h | Eng. HL P3 3 h<br>Eng. FAL P3 2½ h |
| Vrydag 9 September | Wisk. V1<br>WG V1<br>3 h | IGO V1 3 h |
| **WEEK 3** | | |
| Maandag 12 September | Wisk. V2<br>WG V2<br>3 h | RTT (CAT) V2 Teorie 3 h |
| Dinsdag 13 September | LW V2 2½ h | Afr. HT V3 3 h |
| Woensdag 14 September | Rekeningkunde V2 2 h | ENG HL P1<br>ENG FAL P1<br>2 h |
| Donderdag 15 September | Dramatiese Kunste 3 h | |
| Vrydag 16 September | FW (Fisika) V1 3 h | Toerisme 3 h |

| DAG EN DATUM | OGGENDSESSIE 09:00 | MIDDAGSESSIE 14:00 |
|---|---|---|
| **WEEK 4** | | |
| Maandag 19 September | FW (Chemie) V2 3 h | |
| Dinsdag 20 September | Geografie V2 3 h | Afr. HT V1 2 h |
| Woensdag 21 September | | IGO V2 3 h |
| Donderdag 22 September | Verbruikerstudie 3 h | |

**TOETSREEKSROOSTER: 15-23 SEPTEMBER 2022 [GRAAD 8 TOT 11]**

| | **Sessie** | **15 Sept.** | **16 Sept.** | **19 Sept.** | **20 Sept.** | **21 Sept.** | **22 Sept.** | **23 Sept.** |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **gr. 8** | **1** | EBW | ENG HL<br>ENG FAL | WISK | LW | GESK | FW | AFR |
| | **2** | | | | | | | |
| **gr. 9** | **1** | LW | AFR | FW | GEO | WISK | EBW | ENG HL<br>ENG FAL |
| | **2** | | | | | | | |
| **gr. 10** | **1** | IGO | VS<br>MUSIEK | RTT | TOER | REK | WISK<br>WG | FW |
| | **2** | GEO | LW | BS | AFR | DRAMA | LANDB | KUNS |
| **gr. 11** | **1** | TOER | REK | FW | WISK<br>WG | VS | RTT | BS<br>MUSIEK |
| | **2** | LW | LANDB<br>DRAMA | AFR | IGO | | GEO | |

**NOTAS:**

**ENGLISH HL en FAL (10 – 11)** doen hul navorsingstaak/skryfstuk gedurende klasperiodes.

**IT graad 10 -** skryf hul kwartaaltoetse in klastyd:

- 8 Sept. Prakties
- 13 Sept. Teorie

**IT graad 11 -** skryf hul kwartaaltoetse in klastyd:

- 7 Sept. Prakties
- 12 Sept. Teorie

**RTT (CAT)** – skryf ook op die volgende dae in klastyd:

- gr. 10 6 Sept.
- gr. 11 29 Aug.

# KAY MOTSHEPE TOERNOOI

Die 0/15 A-span het die Provinsie by die SA Skole ( Kay Motshepe Toernooi ) verteenwoordig en ‘n algehele 14de plek uit 36 skole behaal. Knap gedaan, meisies!!






# SPAR SENIOR NETBAL KAMPIOENSKAPPE

7-13 Augustus 2022 het drie van Framesby se afrigters aan die Nationale Senior Kampioenskappe by NWU Universiteit deelgeneem.

Baie geluk aan afrigters Chanté Smith, Juanita van Tonder en Jeanie Steyn.

Juanita van Tonder en oudskolier, Hanniska van Vuuren word verkies vir die 0/21 SA-groep.

Afrigter, Jeanie Steyn, word verkies vir die SA Presidents XII span asook die Fast5 span.

Baie geluk met die pragtige prestasie. Julle is voorwaar rolmodelle vir ons netbaldogters.



SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# UITSLAE VIR DIE WEEK:

## Tennis:

5 van ons tennisspelers het Vrydag teen Oakdale gespeel. Ongeag die wind en weer, was dit goeie tennis. Ongelukkig verloor ons teen Oakdale.

## Skaak:

Ruan Grigor en Ruben Bouwer is gekies om aan die laaste proewe deel te neem. Spelers mag slegs op uitnodiging deelneem.

Hulle het die afgelope naweek aan die NMBCU-proewe deelgeneem. Beide het in die 0/16 groep deelgeneem, terwyl hulle 0/14 is. Ruan eindig 6de en Ruben 10de. Die finale spanne word oor 2 weke aangewys. Ons hou duim vas, Ruan en Ruben.



## Rugby vs Oakdale:

14 A verloor 17-13
14 B verloor 10- 0(wedstryd gestop a.g.v. reën)
14 C verloor 32-0
15 A verloor 51-0
15 B verloor 55-0
16 A verloor 14-10
16 B verloor 33-6
4de verloor 55-0
3de verloor 26-0
2de verloor 50-0
1ste wen 11-7

Muurbal, tennis, gholf en bergfiets:
Ongelukkig verloor teen Oakdale




## Hokkie:

0/16 A Dogters wen Strelizia u/19 A 9 – 0
1ste Dogters wen DF Malherbe 8 – 0
1ste Seuns verloor t DF Malherbe 1 – 2

## Netbal:

vs DF Malherbe:
0/15C vs 0/16B wen 32 – 4
0/15D vs 0/16C wen 28-1
0/19C vs 0/19B3 wen 15-10
0/16C vs 0/19B1 wen 23-1
0/16D vs 0/19B2 wen 17-7
0/19B vs 0/19A wen 24-18
0/16B wen 22-15



SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7



# FRAMESBY VS OAKDALE

## WEN 11 - 7
















SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# MONITOR BESTUUR 2022/2023

Baie geluk aan die Monitorbestuur van 2022/2023.

## Meisies:

Lara Benn
Zanri Black
Anika de Ridder
Lucy la Grange
Megan Landman
Ryan O'Ehley
Milla Otto
Anel Strauss
Jana Terblanche
Elanca van Jaarsveld

## Seuns:

Divan Bester
Wiehahn de Lange
Zadriaan Gouws
Logan Muller
Hugo Nothnagel
Hein Terblanche
Ruan van Staden
Déwan Venter
Duston Vermaak
Francois Vosloo

## Hoofleiers van 2022/2023:

Hoofseun: Hein Terblanche
Hoofdogter: Zanri Black
Onderhoofseun: Logan Muller
Onderhoofdogter: Milla Otto





SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# FRAMESBY-LANDLOOP KOOK!!

## OP-LANDLOOPSPAN:

Die volgende Framesby-atlete is gekies as lid van die OP-span wat 17 September aan die ASA Landloopkampioenskappe in Rustenburg sal deelneem.

Hulle is:
1. Dallian Oerson (seuns 0/15)
2. Esmeri Oberhauser (dogters 0/15)
3. Ilke Wolmarans (dogters 0/15)
4. Milan Bosch (dogters 0/15)
5. Anel Strauss (dogters 0/17)
6. Elanca van Jaarsveld (dogters 0/17)

## METRO-SPAN:

Die volgende leerlinge is gekies as lid van die Metro-span wat op 27 Augustus aan die Oos-Kaapkampioenskappe gaan deelneem:
1. Sune du Preez (dogters 0/19)
2. Dallian Oerson (seuns 0/15)
3. Esmeri Oberhauser (dogters 0/15)
4. Jamie-Lee Bester (dogters 0/14)



SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7



Leerders kan gratis boeke en dvd's uitneem!

Leerders mag ook die rekenaars gebruik om navorsing te doen.

# HOËRSKOOL FRAMESBY MEDIASENTRUM

Leerders kan tussen pouses of na skool huiswerk in die Mediasentrum kom doen.


• • •

Kom rol ou vraestelle af, maak fotostate, druk jou taak in kleur uit. Ons verkoop ook die volgende: gekleurde karton, taakomslae, flipfilesakkies en soveel meer!







# NUWE BOEKE
## IN DIE MEDIASENTRUM



VOETSTOOTS




TO KILL A KINGDOM




YOU



LEANDIE DU RANDT: MY HACKS VIR DIE LEWE



THE LOVE HYPOTHESIS



REMINDERS OF HIM





# NUWE DVD'S
## IN DIE MEDIASENTRUM



SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# DIE KOSBLIK



**MIDDAGETES TEEN R27**

*Beskikbaar tweede pouse en na skool slegs op bestelling*

Week 2

## MAANDAG

Roasted Chicken served with Bake potato and veg

## DINSDAG

Ham & Cheese Pizza

## WOENSDAG

Prime Steak Pie topped with gravy served with chips and salad

## DONDERDAG

Roasted Chicken drumsticks served with Mash & veggies

## VRYDAG

Fried Hake served with Chips and green salad

**VIR BESTELLINGS:**
**DIANNE: 071 571 3648**
**E-POS: WSPE.FRAMESBYHS@EMPACTGROUP.CO.ZA**

Die KOSBLIK
Hoërskool Framesby

## ONS GESELS MET: JONE PIENAAR





*Jone Pienaar*

Ek het in 2005 aan Hoërskool Framesby gematrikuleer. Daar is soveel wonderlike herinneringe wat ek van my hoërskooldae het. Ek het my loopbaan by Framesby in 2002 in Graad 9 begin. Ons het vanaf Pretoria verhuis waar ek Graad 8 aan die Hoërskool Menlopark klaargemaak het. My eerste herinnering van die "nuwe skool" is die eerste saalbyeenkoms op die eerste dag van skool. Omdat ek nuut was, was ek onbewus dat seuns en dogters tydens saalopening aan verskillende kante van die saal sit. Die enigste ander persoon wat ek geken het, was my tweelingbroer Jaco, en ons het saam die saal binnegestap waar ek deur 'n baie verbouereerde en verbaasde Jaco Vinnings (wat op die Monitorbesuur gedien het) gestop is en gelei is na die dogters se kant. Maar dit was die begin van 'n ongelooflike skoolloopbaan. Ek was mal oor skool en het die meerste daarvan gemaak deur by soveel aktiwiteite as moontlik betrokke te wees. Van atletiek, tennis en hokkie tot dansklub, VCSV, redenaars en Framesby Fantasia.

Ek was nie juis 'n wafferse atleet nie, maar was vinnig genoeg om die aflosspan te haal! Mnr Lombard het ons oor en oor laat oefen tot ons ons oorgee perfek gekry het!

Ek was bevoorreg om vir 3 jaar in die eerste hokkiespan te kon speel onder die afrigting van juffrou

SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

Loftus en Tannie Nola. Een van my hokkie-hoogtepunte was toe ons in my matriekjaar 0-0 teen Collegiate op ons tuisveld gespeel het. Dit het gevoel of ons die wêreldbeker gewen het!

Ek was ook deel van die Framesby Fantasia koor wat Tronkvoël Fantasia aangebied het - ek was die tronk-sielkundige wat vir 'n gevange (Dirkie Viljoen) "Kinders van die Wind" gesing het :) Elke oomblik van die produksie was 'n fees.


In 2005 was dit vir my 'n groot voorreg om as hoofmeisie verkies se word, saam met my broer Jaco as hoofseun. Nog 'n spesiale herinnering van 2005 is dat ek aangewys is as die Herald se Matrikulant van die jaar.

Ek het na skool by Kovsies B.Rek gaan studeer. Ek het my klerkskap by PWC in Port Elizabeth voltooi en het in 2012 gekwalifiseer as 'n CA(SA). Ek is huidig 'n dosent by Milpark Education (CA Connect), Suid-Afrika se enigste aanlyn STR waar ek Bestuursrekenkunde doseer.

Ek is in 2012 met Morné Pienaar getroud. Ons woon tans in Port Elizabeth met ons gesin: Ons seuntjie Jacques (4), ons dogtertjie Lize (2) en ons 2 beagles Avo en Feta.

En o ja, elke keer wat ek "Eye of the Tiger" hoor speel, sien ek in my geestesoog hoe Fanie die bloktruie die veld oplei...








SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment: 041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road, Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# KAARTJIES:
# R75 P/DAG
# R100 NAWEEK



## Moet dit nie misloop nie!

Hoërskool Framesby

HANDHAAF EN BOU

**KOOP 'N KAARTJIE OM TOEGANG TE KRY TOT DIE OUDSKOLIERE-MARKIESTENT!**

## 26, 27 AUGUSTUS 2022

# OUDSKOLIERE-NAWEEK

## INTERSKOLE-NAWEEK TEEN NICO MALAN

**VRYDAG: 16:00 - 22:00**
**SATERDAG: 07:00 - 22:00**

**VIR NAVRAE EN BESPREKINGS:** CLINT GARBERS CGARBERS@FRAMESBY.CO.ZA

KAARTJIES SAL TE KOOP WEES TOT WOENSDAG, 24 AUGUSTUS 2022

KOOP 'N KAARTJIE OM TOEGANG TE KRY TOT DIE OUDSKOLIERE-MARKIESTENT!

## 26, 27 AUGUSTUS 2022

# OUDSKOLIERE-NAWEEK

## INTERSKOLE-NAWEEK TEEN NICO MALAN

## 26, 27 AUGUSTUS 2022
## INTERSKOLE CLASSIC CLASHES TEEN NICO MALAN

Ons nooi alle oudskoliere uit om die naweek (Vrydag en Saterdag) saam met ons te kom spandeer en al ons sportspanne te kom ondersteun met ons interskole teen Nico Malan. Daar word spesiaal 'n markiestent vir ons oudskoliere agter die rugbypale opgeslaan.

Maak seker jy koop jou kaartjie voor Woensdag, 24 Augustus 2022. Kaartjieverkope beloop R75 per dag of R100 vir 'n naweekkaartjie. Die tent sal Vrydag vanaf 16:00 tot 22:00 en Saterdag vanaf 07:00 – 22:00 oop wees. Alkoholiese verversings is reeds Vrydag om 16:00 beskikbaar in die markiestent en sal Saterdag, na 13:30 in die tent beskikbaar wees. Geen alkoholiese verversings sal buite die tent toegelaat word nie.

**BANKING DETAILS:**
**ACCOUNT NAME:** DIE HOËRSKOOL FRAMESBY OPVOEDKUNDIGE TRUST
**BANK:** FNB
**ACCOUNT TYPE:** CHEQUE ACCOUNT
**ACCOUNT NUMBER:** 62747500983
**BRANCH CODE:** 210517
**REFERENCE:** NM.VOORLETTER.VAN
**AMOUNT:** R75 VRYDAG OF SATERDAG
R100 VIR NAWEEK-TOEGANG

***bv: NM.C.Garbers***
****geen spasies.***

---

Vir enige navrae kontak mnr Clint Garbers: cgarbers@framesby.co.za

Hoërskool Framesby
HANDHAAF EN BOU

# Meer inligting oor OUDSKOLIERE-NAWEEK

## 26, 27 AUGUSTUS 2022

**KAARTJIES:**
- Kaartjieverkope beloop **R75 per dag** of **R100 vir 'n naweekkaartjie** (per persoon).
- Maak seker jy koop jou kaartjie **voor Woensdag, 24 Augustus 2022.**
- Kaartjies kan Vrydag en Saterdag by **ingang van die tent** afgehaal word. Nadat u R10-hekgeld (slegs Saterdag) betaal het, beweeg u na oudskolieretent. Daar sal iemand by die ingang wees wat kaartjies sal uitdeel.

**MARKIESTENT:**
- Die tent sal **Vrydag vanaf 16:00 tot 22:00** en **Saterdag vanaf 07:00 – 22:00** oop wees.
- Alkoholiese verversings is reeds Vrydag om 16:00 in die markiestent beskikbaar en sal Saterdag, na 13:30 in die tent beskikbaar wees.
- Geen alkoholiese verversings sal buite die tent toegelaat word nie.
- Daar sal aan die voorkant van die tent 'n stoeparea met tafels en stoele vir oudskoliere wees om te sit. Daar sal ook twee opslaanpawiljoene beskikbaar wees (voor die tent vir oudskoliere).

**KOS**:
Daar sal kosstalletjies wees wat die volgende verkoop:
**Vrydagaand 16:00-22:00**
- Butter chicken en Rys
- Boereworsrolle
- Braaivleis en slaai (roosterkoek en groenslaai).

**Saterdag 07:00-16:00 -** Die Kosblik sal oop wees en daar sal kosstalletjies wees.
**16:00-22:00 Alumni.**
- 3 x Potjies (Bief, Skaap en Hoender).
- Keuse van rys of stampmielies en gebakte brood (met konfyt en botter).

**TAFELBESPREKINGS:**
- Reünie-groepe is welkom om tafels te bespreek. Kontak asb. net vir mnr. Clint Garbers.
- Slegs indien ons u bewys van betaling ontvang het, kan tafels bespreek word.
- Metgeselle is ook welkom.

**MEMORABELIA:**
- Die Hanger (klerewinkel) is Vrydag en Saterdag oop.
- Vrydag 16:00 - 18:00. Saterdag 08:00 - 11:00.
- Mnr. Germishuys sal in die tent gesels met oudskoliere rakende voorstelle vir memorabelia en idees vir volgende jaar se samekoms.

**VIR NAVRAE EN BESPREKINGS:** CLINT GARBERS 083 471 5699

E-POS: CGARBERS@FRAMESBY.CO.ZA

# OUDSKOLIERE BERIGTE:

Indien jy iemand vir die Oudskoliere-berig wil nomineer, kontak ons gerus : mediasentrum@framesby.co.za.

Ons wil graag berigte plaas van al ons oudskoliere, maar benodig hul selfoonnommer/e-pos om kontak te maak.

Dis altyd lekker om te hoor waar ons oudskoliere hulself vandag bevind sowel as om terug te kyk na almal se Framesby herinneringe.

# OUDSKOLIERE SAMEKOMS:




SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# FRAMESBY
## OUDSKOLIERE (FOS)

Beste Oudskolier
Ons wil julle graag van gebeure rondom jul alma mater op hoogte hou. Om hierdie rede wil ons graag ons databasis op datum bring en vra dat alle oudskoliere asb. die volgende inligting na **fos@framesby.co.za** sal e-pos:

- ✓ NAAM EN VAN :
- ✓ NOOIENSVAN:
- ✓ ID-NOMMER:
- ○ JAARTAL GEMATRIKULEER:
- ○ ADRES:
- ○ PROVINSIE:
- ○ BEROEP:
- ○ TELEFOON:
- ○ SELFOONNOMMER:
- ○ E-POSADRES:

**U inligting bly hoogs vertroulik.**
**Die rede hoekom ons u ID-nommer benodig, is om te verhoed dat ons duplikate op ons sisteem stoor.**

SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

HAIR & BEAUTY

SUNRIDGE VILLAGE

# MATRIC *Farewell Package*

## R1400

- Farewell Hairstyling trial
- Glam Make Up trial
- Brow wax & tint (To be done on trial day)
- Gel nails overlay or tips
- Gel toes
- Hairstyling on the day
- Make Up on the day

T&C'S APPLY 041 360 1199